SONDAG SE EREDIENS

Wat het die Here tydens vandag se erediens kom bevestig wat jy die afgelope week gehoor het?

Wat het jy nuut gehoor in vandag se erediens?

"Geluk is 'n liefdevolle sorgsame familie... in 'n ander stad." – George Burns

WEEK 7

5 JULIE - 11 JULIE

Ons lees dié week

Handelinge 2:41-47

41 Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.

42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

43 Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.

44 Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel.

45 Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet,

47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

NOTAS:

PERSOONLIKE STILTETYD

Lees elke dag die teksgedeelte en maak ‘n paar aantekeninge oor wat jy in die gedeelte hoor:

Dag 1

Dag 2

Dag 3

Dag 4

Dag 5

Dag 6

PERSOONLIKE GEBED VAN NADENKE VIR ELKE DAG

- Neem ‘n paar oomblikke om stil te word in die Here se teenwoordigheid.
- Dink na oor jou dag se gebeure. Laat die dag **soos ‘n film voor jou afspeel...**
- Waar het jy vandag iets gesien/beleef van die teenwoordigheid van die lewende Here?
- In watter gebeure het jy vandag gesukkel om die teenwoordigheid van God as die lewende Here te sien?
- Praat met die Here oor jou ervarings van die dag.
- Rus vir ‘n oomblik sonder woorde in die Here se teenwoordigheid.
- Skryf nou ‘n paar gedagtes neer oor jou gebedservaring.

KLEINGROEPBYEENKOMS

Kleingroepe word aangemoedig om tydens die Sewe-Weke-proses rondom ‘n tafel te sit en saam te eet. Dit is ons laaste byeenkoms van die sewe weke aan tafel saam met Jesus. Daarom vat ons dit vanaand ‘n bietjie stadiger terwyl ons wag vir die potjie om gaar te word. Ons doen so ‘n bietjie ekstra moeite om dit wat met ons in die afgelope sewe weke gebeur het, te vier.

HENK SE HOENDERPOTJIE

1 kg hoenderborsies, in stukke gesny
1 l druiwesap
2 pakke sterk gegeurde Spaanse Tastic-rys
Handvol sultanas

Maak ‘n braaivleisvuur en krap die kole uit om die potjie op gaar te maak. Gebruik ‘n swartpot vir die gereg.

Eers braai mens die hoenderstukke in bietjie olie effe bruin voor die ander bestanddele bykom: die rys, druiwesap en sultanas.

Nou laat jy die pot baie stadig kook tot alles gaar is, die vloeistof weggekook het en die rys gaar is. Dit neem ongeveer 45 minute tot ‘n uur.

Eet saam met brood en ‘n groen slaai.



KLEINGROEPBYEENKOMS (vervolg)

Ons ontmoet mekaar

- Laat iemand 'n tafelgebed doen en sit aan vir die ete.
- Vertel vir mekaar wat die afgelope sewe weke vir jou beteken het.
- Dink bietjie na oor die aanhaling aan die begin van dié seksie en die moontlike ironie van die laaste deel daarvan. Hoekom word gesê *in 'n ander stad*?
- Gesels met mekaar oor al die verskille tussen kitskos en vanaand se potjie.

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan as simbool van die Here se teenwoordigheid.
- Lees Handelinge 2:41-47.
- Gee geleentheid dat elkeen op hulle eie die gedeelte weer rustig deurlees.

Ons deel met mekaar

- Ons teksgedeelte is die begin van 'n nuwe beweging – wat ons vandag "kerk" noem. Die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort en ons lees in Hand 2:41 dat 3 000 mense daardie dag by die getal gelowiges gevoeg is. Dit is dan ook een van die tekens van die vroeë kerk: hoe die getalle met rasse skrede gegroei het. Dit word verder beklemtoon in Hand 2:47 waar ons lees "die Here het elke dag mense wat gered word by die Gemeente gevoeg". Nadat die Heilige Gees uitgestort is, noem Hand 2:42 vier dinge op waarop die gelowiges hulle heelhartig toegelê het:
  - die leer van die apostels oor God
  - die onderlinge verbondenheid
  - die gemeenskaplike maaltyd
  - gebed

  Twee van hierdie aspekte het direk te make gehad met die verdieping in hulle verhouding tot God (naamlik wat hulle oor God geleer het, en gebed), die ander met hul verhouding tot mekaar (hulle omgee en sorg het sy hoogtepunt bereik deur saam om 'n tafel te sit en eet).
- Hierdie saam eet was eintlik die Nagmaal wat Jesus kort voor sy dood ingestel het. Ongelukkig het hierdie "gemeenskapsfees" waarvan die formulier praat, verword tot 'n somber geleentheid waar dit soms lyk of daar min gemeenskap en viering beleef word. Gesels met mekaar oor wat julle in die teks hoor oor hierdie daaglikse saam eet om 'n tafel en die onderlinge gesindheid. Waartoe wil dit ons vandag aanspoor?
- Kan dit wees dat die manier hoe daardie eerste gelowiges onderling met mekaar verkeer het om die tafel, mense só geïnspireer het dat daar daagliks mense na hulle gestroom het om aan te sluit, om ook deel te word? Mense se gesindheid, hulle entoesiasme en omgee vir mekaar, was meer deurslaggewend as die preek van die kansel af. Praat met mekaar oor die gesindheid wat mense openbaar aan die tafel en hoe dit ander inspireer. Hoe verkeer julle met mekaar aan tafel en watter boodskap gee julle deur deur hoe julle saam eet?
- **Lees en bespreek die onderstaande uittreksel uit die Kaapse filosoof Martin** Versfeld se boek *Food for thought* (vry vertaal):

"Nou, wat tyd betref. Kosmaak is 'n fyn kuns en nie 'n straf om so gou moontlik agter die rug te kry nie. Dit behoort 'n aangename, uitgerekte verloop te hê. Daar is geleenthede – soos by omelette – wanneer spoed, nooit haas nie, 'n voorvereiste is, maar oor die algemeen is goeie kookkuns langsame kookkuns. Kosmaak word ondermyn deur die wyd verspreide geloof dat tyd geld is. Tyd is **net so min geld as wat artisjokke engele is. Dié geloof is rampspoedig, metafisies** sowel as sosiaal gesproke. As jy nie tyd vir kosmaak het nie, is jy inderdaad arm. Die arm man wat nie gedurig na die volgende afspraak aan die hardloop is nie, eet dikwels die beste.

Om jou prioriteite reg te kry, bedink Chesterton se stelling: 'The most precious, the most consoling, the most pure and holy, the noble habit of doing nothing at all'. En ook Vader Lacouture s'n: 'The only way to have more time, is to sow time'. Met ander woorde, gooi tyd weg, net soos mens koring in die grond gooi om meer koring te kan oes (dis 'n aanhaling deur Dorothy Day in From a monastery kitchen).

So kry jy jou fundamentele ingesteldheid reg. Jy kook 'n eier nog steeds net drie minute om 'n saggekookte eier te kry, maar hoekom dit in haas kook as jy dit kan kook in die konteks van die ewigheid, of dit in 250 ml water kook in plaas van in die See van Syn?"

· Wanneer ons kos maak en saam eet, moet ons nie haastig wees nie. Dit lyk of die tafel ons juis stadiger wil laat loop, ons vir ‘n oomblik tot stilstand wil bring in ons gejaagde lewe, en mekaar wil laat raaksien. Sê vir mekaar wat julle hoor in die aanhalings oor tyd van Chesterton en Vader Lacouture.

Ons bid saam

· Gee geleentheid vir een-sin-gebede aan die tafel, waarin elkeen kans kry om dankie te sê vir die afgelope sewe weke se tafelgesprekke.

NOTAS:

FAMILIEBYEENKOMS TUIS / FAMILIEGROEPE

Families word aangemoedig om hierdie byeenkoms weekliks rondom die etenstafel te hê.

Voorbereiding vir die byeenkoms:

· Laat die kinders help om die tafel te dek. Plaas die volgende drie simbole in die middel van die tafel: ‘n roos, ‘n blomknop en een of ander doringrige struik.

· Dit is vanaand die laaste familiebyeenkoms van die sewe weke. Ons vier vanaand fees om die tafel. Daarom wil ons saam met die simbole op die tafel ook ‘n partytjieatmosfeer skep. Laat die kinders ballonne en linte ophang en die hele eetkamervertrek vol kerse maak.

Fokus op mekaar (terwyl julle saam die ete geniet):

· Gee elkeen kans om met behulp van die drie simbole te sê wat vir hom of haar die beste herinnering van die sewe weke was, wat vir jou moeilik of ontwrigtend was, en wat jy graag sal wil gaan toepas, omdat jy potensiaal daarin sien dat dit julle familie salverander.

Fokus op die Woord in ons lewens:

· Lees as gesin Handelinge 2:41-47 saam.

· In die inleiding lees ons dat Versfeld skryf kosmaak wat uitloop op saamkuier om ‘n tafel, is ‘n tydsame proses, dat jy nie haastig moet raak nie. Deel met mekaar hoe julle as gesin die kombuis, en daarmee saam die etenstafel, gaan gebruik om tot stilstand te kom en meer bewustelik te leef in ‘n haastige samelewing.

· My skoonouma se laaste tyd in Azaleahof se siekeboeg was een van lê of bietjie in ‘n rystoel sit. Ek het haar van tyd tot tyd gaan haal. Dan stoot ek haar met die rystoel na die Botaniese Tuin, waar ons langs die visdam na die koivisse gestaar het en die wonderskoon van die waterlelies ingedrink het. Dan sou ek haar na die teetuin stoot, waar ek vir ons ‘n koppie tee bestel het. Ek hou die koppie vas, wat sy nie meer kon doen nie, en laat haar stadig drink. Na een so ‘n oggend in die tuin, sien ek sy wil iets vir my sê. Toe prewel sy vir my een van die bemoedigendste woorde van my bediening: “My kind, hierdie was nog jou

heel beste preek…" Wat dink julle: was dit die preek van Petrus of die preke daarna by die sinagoge wat mense daagliks in groot getalle by die vroeë kerk laat aansluit het, of was dit die onderlinge sorg, mededeelsaamheid, sensitiwiteit vir mekaar se behoeftes, 'n diep omgee vir mekaar, die liefde en vreugde van die gelowiges om die tafels teenoor mekaar? Die manier hoe ons bymekaar is, hoe ons teenoor mekaar is, trek mense aan of stoot hulle af. Praat hieroor en sê vir mekaar waaraan ons moet werk in ons gesin om meer van hierdie gesindheid te openbaar.

- Elkeen deel 'n vreugdemoment uit die week met die gesin.
- Sluit af en sit musiek aan en dans om die tafel.

Bid saam:

- Die Australiese strokiesprenttekenaar en digter Michael Leunig bid: "God lead us to the slow path; the joyous insights of the pilgrim; another way of knowing: another way of being." Maak hierdie julle gesin se gebed waarin julle die Here vra om stadiger, meer bewustelik, te leef. Klee dié versugting in in julle eie woorde.

NOTAS:

SONDAG SE EREDIENS

Wat het die Here tydens vandag se erediens kom bevestig wat jy die afgelope week gehoor het?

Wat het jy nuut gehoor in vandag se erediens?

NOTAS:

BRONNE GERAADPLEEG BY DIE SAMESTELLING VAN DIE HANDLEIDING

Bybel, 1983-vertaling

Cussons, S. Die swart kombuis. Tafelberg 1978

Sweet, L. From tablet to table. Tyndale House 2015

Pollan, M. Cooked – a natural history of transformation. Penguin 2014

Versfeld, M. Food for thought – a philosopher's cookbook. Tafelberg 1983

Wepener, C. Aan tafel met Jesus. Bybelkor 2010

Die kopiereg van hierdie handleiding berus by die NG Kerk Stellenbosch Moedergemeente. Gemeentes wat graag hiervan gebruik wil maak, is welkom om ons te kontak by **021 883 3458** of **kantoor@moederkerk.co.za**.